**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

**DATUM: 16/11/2007**
**SAAKNR: 33634/2001**

**ONRAPORTEERBAAR**

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **ANNA MARIE MARAIS** | **Eiseres** |

En

| | |
|---|---|
| **ANDRIES GOTLIEB SCHOOMBEE** | **Verweerder** |

---

**Van Rooyen Wn R**

In die aansoek om die heropening van die saak sodat eiseres deskundige getuienis kan lei beveel die Hof, na aanhoor van die advokate:

1. Dat eiseres se aansoek om die getuienis van 'n geswore waardeerder, te lei ten aansien van die waarde van die plase van haar toenmalige eggenoot, mnr Marais, ten tye van die egskeiding en op ander relevante tye, toegestaan word.
2. Die aansoek om ander getuienis te lei word van die hand gewys. 3. Dat voor of op 31 Januarie 2008 die eiseres 'n opsomming ingevolge Reël 35(9) moet aflewer aan die verweerder se prokureur en aan die Hof.
4. Dat indien so 'n kennisgewing nie afgelewer word nie die vergunning kragtens 1 verval.
5. Dat die eiseres beveel word om die getakseerde koste van hierdie aansoek te betaal en dat bewys van sodanige betaling aan die Hof voorgelê word by die

hervatting van hierdie saak. By gebrek hieraan, sal die vergunning kragtens 1 verval.

6. Dat die eiseres die saak moet plaas voor die einde van Maart 2008 na raadpleging van die beskikbaarheid van die Regter en advokate. Indien dit nie so geplaas word nie, moet die Hof genader word vir toestemming. Indien die toestemming nie verleen word nie, verval die vergunning in 1.
7. Indien die huidige eienaar( s) van die plase of enige ander reghebbende daartoe nie toestemming aan die waardeerder verleen om op die plaas te kom ten einde die waardering van die grond te doen nie, mag hierdie Hof op 'n dringende basis genader word vir doeleindes van 'n aansoek in die verband na kennisgweing aan die betrokke belanghebbende

________________

JCW van Rooyen
16 November 2007